NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos



Jaargang 15 – Uitgawe 1 3 Februarie 2022

# *Blitspos* betree sy 15de jaar

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Daardie dag, 14 jaar gelede, toe die *e-Hervormer* wat later *Blitspos* geword het, gebore is, was ek ook daar. Ons het daardie dag, soos ds Marthinus van Staden 'n jaar gelede in *Blitspos* geskryf het, geleer om 'n tweede taal te praat. Tradisioneel is die publikasies van die Kerk in harde kopie uitgegee – 'n boek of 'n koerant wat jy in jou hande kon hou.**

Maar daardie dag het ons finaal besef dat tye verander en dat ons, as ons ons lidmate ingelig wil hou en nuus en inligting vinnig by hulle wil uitkry, die elektroniese pad moet gaan. En so het die weeklikse elektroniese nuusbrief die lig gesien.

Aanvanklik was die nuusbrief die verantwoordelikheid van een van die subredakteurs van *Die Hervormer*. Gou het ons egter besef dat ons produksiebestuurder, Tessa Oppermann, by 90% van al die destydse SENTIK se werk betrokke is. So het dit gebeur dat sy nou vir die volle samestelling van die inhoud verantwoordelik is, wat dan deur Hugo van Niekerk grafies uitgelê word.

Dat *Blitspos* gewild is, kan niemand betwis nie. Elke week word die nuusbrief by 3 488 e-posadresse afgelewer. Ons is eerlik genoeg om te erken dat nie almal die e-pos oopmaak nie, maar ons weet van baie gemeentes wat *Blitspos* elke week na almal met e-posadresse in hul gemeente aanstuur.

Met verloop van tyd is baie gedebatteer oor die uitleg van die nuusbrief. Wat moet eerste en wat moet laaste kom? Die huidige uitleg is na verskeie probeerslae vasgestel. Die weeklikse voorbladartikels, ongeveer 550 woorde lank en met die opdrag aan skrywers om in verstaanbare taal te skryf, is baie gewild.

Die nuus oor predikante en gemeentes word ook deur baie mense gelees. Gereeld kry ek 'n oproep of 'n e-pos of WhatsApp wat vra of ons nie dalk van hierdie of daardie persoon se vreugde of hartseer gehoor het nie, of dalk van hulle vergeet het.

'n Bekommernis wat in die beginjare dikwels uitgespreek is, was of ons berigte oor basaars en konserte en wen-'n-bees-kompetisies en allerhande ander fondsinsamelings moet plaas. Sou dit nie die Kerk na 'n geldvra-kerk laat lyk nie? Ons het egter gou besef dat dit net so 'n belangrike deel van hierdie weeklikse woord van die Kerk se kant is en dat lesers goed daarop reageer.

Ons staan nie by *Die Hervormer* soos die spreekwoordelike volstruis met ons kop in die sand en dink dat daar nie 'n dag gaan kom dat al ons publikasies dalk elektronies uitgegee gaan word nie. Tans besef ons egter dat nie almal toegang het tot hierdie elektroniese nuusbrief van ons Kerk nie – party weens gebrek aan data, en ander wat steeds die tradisionele koerant in hul hande verkies. Daarom sal ons so lank ons kan die status quo probeer handhaaf deur *Die Hervormer* ook in harde kopie en *Blitspos* elektronies te versprei.

Mag *Blitspos* steeds groei en vir ons weekliks, op elkeen se toestel waar ook al, die nuutste, mees aktuele nuus aflewer. Mag die volgende geslag hierdie baba van ons selfs nog groter hoogtes laat bereik.

Ons innige dank aan ons kollegas wat die droom gehad het, en aan almal wat nou reeds vir die 15de jaar die droom lewendig hou.

**Ds Willem Sauer**
**Redakteur: *Die Hervormer* en *Blitspos***

